# CARSON SMUTS & ANJA ZAJACZKOWSKA

*Die wenners van die 2008 VISI Haute Lumière-ligtoekenning het onlangs beligting op 'n enorme skaal verken toe hulle as deel van hulle gesogte eerste prys Noorweë toe gereis het.*

**BESOEK WWW.VISI.CO.ZA...**
• OM VIR DIE 2009 HAUTE LUMIÈRE-LIGTOEKENNING IN TE SKRYF (DIE SLUITINGSDATUM VIR REGISTRASIE IS 10 JULIE 2009).

Die eenvoudige konsep van 'n vloerlamp waarmee gebruikers interaksie kan hê, amper soos 'n handwaaiertjie, het gelei tot The Peacock (bo), die wenontwerp in verlede jaar se Haute Lumière-ligtoekenning. Die ontwerpers, die Kaapse argitekte Carson Smuts en Anja Zajaczkowska, het 'n reis gewen na die Professional Lighting Designers Association se slypskool op Notodden, 'n stil Noorweegse dorpie wat verlede jaar deur besoekende argitekte, ontwerpers en ligspesialiste in 'n liglaboratorium omskep is.

Danksy VISI, Paul Pamboukian Lighting Design, Regent Lighting en Regent Designs en die Europese Lig-en-ontwerpsentrum, het die tweemanskap die geleentheid gekry om die jongste ontwikkelings in ligtegnologie deur twee stedelikebeligtingsprojekte te verken.

Anja het saam met 'n werkgroep beligting ontwerp vir 'n skuur in Notodden se hawe. Die sneeubedekte parkeerterrein is in skakerings van blou belig om die illusie van oorstroming te skep, terwyl die lieflike houtskuur met warm kleurtone in 'n verwelkomende eiland verander is.

Carson se groep het 'n ligpoort na Notodden geskep deur die brug na die dorp én twee verlate kragmaste te verlig. Twee ligtemperature is gebruik om twee verskillende spilpunte te beklemtoon.

"Ons het baie geleer oor wat lig aan verskillende materiale en argitektoniese strukture doen," sê Carson. "Die koel, wit lig het byvoorbeeld die geroeste bruin en kalkwit strukture uitgelig wat uit die sement stroom en die krake beklemtoon, terwyl die warm geel lig alles sagter laat lyk het."

Hoewel al twee ontwerpers toegee dat hulle nog nie die kans gehad het om hulle nuutgevonde kennis en insig te gebruik nie, is hulle dit eens dat die hele ervaring hulle opnuut respek en waardering gegee het vir die krag en belangrikheid van behoorlike beligtingsontwerp in argitektuur.

Anja en Carson is reeds 'n geoefende span en het 'n webwerf begin om kreatiewe samewerking aan te moedig. Verskillende argitekte en ontwerpers kan op die webwerf terugvoer gee oor mekaar se werk. Dis in 'n blog-formaat en enigiemand kan hulle werk wys sodat ander gebruikers daarop kommentaar kan lewer. **V**

• Anja Zajaczkowska 072 125 2885, anja@ceedstudio.com
• Carson Smuts 083 679 0319, carson@ceedstudio.com, www.ceedstudio.com

FOTO MICHAEL LE GRANGE WOORDE ALMA VIVIERS